JOHANN SMALBERGER SE MOEDER SÊ SY HET HOM GEHOOR ROEP

Somber ‚Begrafnis' 2000

Bedroefde Ouers Hou Eie Diens

SY WAS TE LAAT...

Myl Van Gough

(deur BEN LOUW)

'N SOMBERE „begrafnisdiens" is Vrydag om 4 nm. in die sitkamer van mnr. en mev. J. B. Ebden op Vryburg gehou — vir hul 24-jarige seun mnr. Johann Smalberger, wat dieselfde tyd 2,000 myl ver van sy ouerwoning af, hoog teen 'n bergpiek op Gough-eiland begrawe is. Mnr. Smalberger, wat leier van die Suid-Afrikaanse weerpersoneel op die eiland was, is Woensdag daar dood aangetref nadat hy 'n week vermis was.

„Die Departement van Vervoer het ons in kennis gestel dat hy presies om 4 nm. op Vrydag, met ons verlof, hoog teen die berghange begrawe sou word. Presies om vieruur die middag het ons groepie in ons sitkamer gaan sit — ek, my man, Johann se broer, Tommie, en laasgenoemde se verloofde, Jemina Dixson van Springbok," vertel mev. Elizabeth Ebden.

„Tussen al die blomme, telegramme en kaartjies wat ons van simpatiseerders ontvang het, het ons Johann se foto's geplaas.

Gaan Daarheen

„Ons het daar in stilte gesit en die hele tyd na sy foto's gestaar en aan hom gedink. Ons het byna 'n driekwartier so gesit — die tyd wat ons gedink het sy begrafnisdiens daar hoog teen die berge duisende myle van ons af sou duur.

„Dit was vreeslik om te dink dat ons nie by die seun, wat ons so diep liefgehad het, se graf kon wees nie. Dit was vir ons swaar om te dink dat ons nie kon help om hom in sy laaste rusplek neer te lê nie.

„Wanneer ons die kans kry om na sy graf op die eiland te gaan, gaan ons vir hom 'n liefliike krans saamneem.

„Ek het reeds ons goed gereed begin kry vir die tog na die eiland want ons wil nie 'n minuut verspil om by hom te kom nie. — al beteken dit ook watter gevare en ongerief ook al om op die eiland te kom," het mev. Ebden gesê.

Gehoor Roep

„My vrou het byna geen slaap gekry nie," sê mnr. Ebden. „Dikwels deur die nagte onderwyl ek 'n bietjie gesluimer het, het ek my vrou voor die slaapkamervenster aangetref. Sy het daar gestaan asof sy oor ons seun wou waak. My arme vrou het byna aanhoudend gehuil.

„Saans wanneer die donkerte begin toesak het, was die vir ons die swaarste omdat ons gedink het aan ons seun wat daar buite onbeskermd teen die sneeu en reën op die eiland was."

Johann se moeder vertel verder: „Daar in die sneeu en reën het hy ons nodig gehad. Snags wanneer ek voor die venster in die slaapkamer gestaan het, kon ek duidelik hoor hoe my sterwende seun na ons roep. Maar daar was niemand om hom te help nie. Vir ons was dit die swaarste van alles.

„Ek kan net nie sien hoe ons na ons seun se dood meer dieselfde mense kan wees nie."

Laaste Keer

Dit was altyd Johann se grootste ambisie om vir die Weerburo op óf Gough- óf Marion-eiland te werk nadat hy sy B.Sc.-graad verwerf het. „Hy was so in sy skik toe hy in April na Gough-eiland gestuur is," vertel sy moeder.

„Ons het hom die laaste keer gesien en die laaste keer met hom gesels toe ons hom in Kimberley gaan groet het met sy vertrek op 3 April na die eiland."

Sy suigtge broer, Tommie, het toe spesiaal 'n week se vakansie geneem van die bank op Vanrhynsdorp waar hy gewerk het — om die laaste week voor Johann se vertrek by hom in Kaapstad te wees.

Wou Gaan Help

„Hy het gereeld elke week aan ons geskryf, maar is net honderd woorde per week toegelaat. Sy laaste brief het ons ontvang nadat ons die tyding gekry het dat hy verdwyn het. Daarin het hy ons nog gevra om die telefoonnommer waarheen hy deur middel van die radio met ons kon gesels. Ek kon nie meer wag vir die oomblik dat ek weer sy stem sou hoor nie — toe kom die tyding," vertel mev. Ebden.

„Ons wou hom gaan help en het onmiddellik by die Departement van Vervoer aansoek gedoen om saam te kan gaan na die eiland as 'n skip soontoe gestuur sou word.

„Dit was so moeilik om te besluit of hy daar begrawe moes word. Maar ons is in kennis gestel dat dit haas onmoontlik was om hom van die pieke af te bring.

Herbegrafnis?

„Daarby was Johann so lief vir die eiland. Hy het selfs geskryf dat hy die res van sy lewe daar sou wou bly — as dit nie vir sy verloofde, sy dierbare ouers en broer Tommie was wat hier in S.A. is nie," vertel mnr. Ebden.

„Of sy oorskot na Suid-Afrika gebring kan word? Daaroor sal die Departement van Gesondheid moet besluit. Ons sal self eers sy graf wil besoek voordat ons besluit of hy hier herbegrawe moet word. Maar in stilte wens ons tog dat dit moontlik sal wees.

„Ons wil ook graag die mense van die Departement van Vervoer bedank want hulle het alles menslik moontlik gedoen om ons seun op te spoor en ons te help. Ook die poskantoormense op Vryburg het uit hul pad gegaan om oproepe na ons te laat deurskakel."

MEJ. RITA SCHEEPERS van Pretoria, verloofde van wyle mnr. Johann Smalberger. Sy het te laat gekom om Vrydag die „begrafnisdiens" vir Johann in sy ouerhuis op Vryburg by te woon. „Maar ek het weer krag geput daaruit om hier in die huis te kon wees waar Johann so dikwels was." Vanoor die hele land asook van die verre Gough-eiland het simpatiseerders blomme gestuur.

WYLE MNR. JOHANN SMALBERGER

WYLE MNR. JOHANN SMALBERGER [illegible] verloofde ouers, mnr. en mev. G. B. Ebden, Vrydag in die voorkamer van hul huis op Vryburg afgeneem. By hulle is mnr. Smalberger se verloofde, mej. Rita Scheepers. Die ouers het in stilte in die voorkamer bymekaar gekom op die oomblik toe 'n begrafnisdiens op Gough-eiland, 'n paar duisend myl van Vryburg, gehou is. Onder die wat hierdie familie-„begrafnisdiens" bygewoon het, was ook Johann se broer, Tommie, en sy verloofde.

„ONS WOU IN MEI GETROU HET", SÊ SY VERLOOFDE

WYLE mnr. Johann Smalberger en sy verloofde het verkies om nie van mekaar afskeid te neem toe hy in April vanjaar as leier van die Suid-Afrikaanse weerpersoneel na Gough-eiland vertrek het nie — „omdat dit voorheen vir ons albei so verskriklik was om van mekaar afskeid te neem toe hy moes weggaan. Nou sal ek hom hier nooit weer sien nie," het mej. Rita Scheepers van Pretoria, Johann se verloofde, gister aan Dagbreek gesê.

„En ons was nog van plan om in Mei aanstaande jaar te trou sodra sy dienstydperk op die eiland verstrekte was en hy na Suid-Afrika kon terugkeer.

„Ek het Johan laas op 3 April gesien in 'n Pretoriase kafee. Toe het ons saam tee gedrink. Ons het saam besluit om mekaar lieweer nie te groet toe hy op 5 April na die eiland vertrek het nie. Die vorige keer, in Desember 1962 toe hy na Windhoek moes gaan, was die afskeid vir ons albei so verskriklik.

Wyle Johann en Rita het albei in die Weerburo se kantoor in Pretoria gewerk.

„Johan was altyd baie skaam, maar op 27 Januarie verlede jaar het hy dit tog reggekry om my kafee toe te nooi. Hy was toe nog 'n uur laat vir die afspraak, maar dit het nie verhoed dat ons verhouding gegroei en ons op 4 September 1962 verloof geraak het nie."